Sondag **8**

**SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 6:8-15**
**FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 6:8-10**

**Stefanus – Verdedig onverskrokke die suiwere leer!**

Ons voorgangers het die evangelie teenoor die Roomse dwalinge tydens die Reformasie verdedig. So het gereformeerde kerke dit ook tot ’n mindere of meerdere mate deur die eeue gedoen. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika staan daarvoor bekend dat dit die suiwere leer wil handhaaf.

Ons sit vandag voor groot uitdagings om dit steeds te doen. Die speelveld het bietjie verander. Ons het tans met godsdiensgelykheid te doen en ’n gevaarlike verdraagsaamheid teenoor onbybelse standpunte, die snelle verspreiding van Islam, sekularisasie wat drasties toeneem, wetenskaplike oortuigings wat al verder van die Bybel af wegdryf, ensovoorts. Ons kinders word toenemend op skool met ander idees gekonfronteer as wat in die Bybel staan.

Ons het lidmate nodig wat handig die Woord kan hanteer en dit onverskrokke kan verdedig. Stefanus (krans) het dit gedoen toe hy die ware evangelie teenoor die sinagoge van die Libertyne verdedig het, en ook teenoor die standpunte wat die Sanhedrin gehandhaaf het. Vol van die Gees en met wysheid en genade en krag het hy nie teruggedeins om die waarheid te vertel nie. Hy was selfs bereid om daarvoor te sterf. Dit het vir hom oor God se waarheid en sy eer gegaan.

Ons sal in die toekoms ons al meer daarop moet toespits om tydens katkisasie, in die toerusting van kerkraadslede en volwasse lidmate en met die opleiding van ons bedienaars van die Woord in staat te wees om die waarheid te verdedig. Anders gaan die kerk van die Here deur onsuiwere idees van binne en van buite oorspoel word. Om dit te bereik, is die kragtige werking van die Gees noodsaaklik. Deur Hom ontvang ons ook al die ander nodige dinge.

Bid God dat Hy kragtig in al ons lidmate sal werk sodat ons sy Woord nie net sal vertel nie, maar ook kragtig sal verdedig!

*Sing: Skrifberyming 15-5:2, 4 of Skrifberyming 15-7:4, 5*

*Ds. HG (Garrie) Schutte (Suidkus)*